Tema: Die sewende vrug van die Gees is om getrouheid aan God en betroubaarheid teenoor mense in ons lewens vas te lê.

Lofsang met die oog op die erediens
Ps. 33 - 2: 1,2
Ps. 71 - 2: 1,2,3

God en ons ontmoet mekaar
Intreelied Ps. 15 - 2: 1,2,4
Votum
Seën
Loflied Ps. 89 - 2: 1,2
Geloofsbelydenis: 12 Artikels

Ons verootmoedig ons voor God
Wet: Eksodus 20: 1 - 3; Fokus op die Eerste Gebod, HK Sondag 34, vr 94 en 95
Sing Ps. 103 - 1: 9
Gebed.

God bedien aan ons sy Woord en ons ontvang dit aktief in geloof
Skriflesing: Psalm 15
Matteus 23: 16 – 23
Lukas 16: 10 – 13
Open. 2: 8 - 11
Fokusverse: Galasiërs 5: 22
Sing: Ps. 116 - 1: 1,8 (Kleuters gaan na hulle bediening)
Woordverkondiging

Ons antwoord op die Woordbediening
Sing Ps. 119 - 1: 2,11
Gebed
Liefdegawes by die deure
Sing Ps. 1-1: 1,2
Seën
Amenlied Sb 13-2.

Geliefde brs en srs en kinders

Het jy ook die begeerte om meer getrou en toegewyd aan die Here te leef? Dit behoort moes elkeen van ons se gebed te wees! “Getrouheid” as vrug van die Gees gaan juis oor hoe ons voor die Here leef! Hoe getrou en nougeset ons Hom dien, hoe getrou ons die Here volg en hoe gehoorsaam ons na Hom luister. Dat ek die Here se wil en Woord as die hoogste maatstaf in my lewe stel en dat ek alles wil doen om aan God se standaard te voldoen!

Ons het almal immers hierdie stryd in ons hart waarvan Paulus in ons teksgedeelte skrywe waarin ons sondige natuur in stryd staan met die Heilige Gees en dit ŉ daaglikse geveg afgee om getrou aan die Here te bly. Ons sondige natuur wil ons altyd meer weg van God trek en ons ontrou aan die Here maak en ons het ŉ harde stryd om daarteen weerstand te bied en te luister na die Gees. Elke kind van die Vader wil tog meer en meer gehoorsaam wees, wil tog met meer toewyding ons Vader dien en die wonderlike is dat God ons hiermee help!

Getrouheid as vrug van die Gees het egter ook ŉ tweede betekenis. Dit gaan oor ons getrouheid teenoor mense! Hoe betroubaar is ek as mens teenoor my medemens? Is ek iemand wat altyd die waarheid praat of jok ek baie? Is ek iemand wat my woord en my beloftes teenoor mense hou en nakom of vergeet ek sommer maklik van my beloftes teenoor mense? Kan mens op my staatmaak of wonder hulle altyd of ek daar gaan wees vir hulle? Ek dink ons almal wil iemand wees waarop ander kan reken en wat met integriteit tussen mense kan optree! Dit behoort elke gelowige se gebed en strewe te wees!

En vanmore kom die Here met hierdie wonderlike troosvolle boodskap dat die Heilige Gees ons juis hiermee help! Hy wil juis hierdie vrug in ons lewe na vore bring! Die Heilige Gees lei en help ons om meer getrou aan die Here te wees en meer betroubaar teenoor mense te wees!

Want God is getrou en betroubaar - dit is ook Wie Hy is! Dwarsdeur die Bybel openbaar God Hom aan ons aan die Getroue en Betroubare God.

God is in die eerste plek getrou in Homself! Hy is tree getrou op aan sy wese - Wie Hy as God is. In Deut. 7 : 9 sê God dat Hy betroubaar is! In Ps. 86: 15 sing die psalmdigter oor God wat vol liefde en trou is! Hy is vol daarvan – daar is by Hom geen plek vir ontrou nie! Daarom skryf Jeremia te midde van sy grootste smart: Die trou van die Here is groot – dit is elke more nuut!

Die Here verander nooit nie – daarin bewys Hy se trou! Hy bly van ewigheid tot ewigheid dieselfde en Paulus skryf in 2 Tim 2:13 dat Hy ook in die toekoms getrou sal wees!

Ons Here is egter in die tweede plek nie net trou aan sy eie wese nie, Hy is ook trou in alles wat hy doen – sy optrede! In Ps. 33 lees ons: "Alles wat Hy doen, staan vas" Ps. 78 oortuig ons dat die Here is getrou aan sy verbond, en dat Hy dit deur alle geslagte heen in stand hou! Dwarsdeur die Bybel openbaar God dat Hy veral getrou bly aan alles wat Hy aan ons belowe! Hy het dit vir Abraham in Gen. 21:1–2 gesê en so Hom so deur die eeue aan sy volk Israel bekend gemaak!

Geliefdes, die grootste bewys van God se trou en betroubaarheid is die koms van ons Here Jesus Christus as ons Verlosser en Koning. Reeds in die eerste woorde van die Bybel belowe God dat Christus sal kom ons die kop van die slang te vermorsel! En deur die eeue heen het God hierdie belofte herhaal en dan Hy kom om al God se beloftes aan ons te vervul!

Paulus beskryf dit so in 2 Kor. 1:18,20: [18] So seker as God getrou is, ons woord aan julle was nie tegelyk "ja" en "nee" nie, [19] want Jesus Christus, die Seun van God, wat ons, dit is ek en Silvanus en Timoteus, aan julle verkondig het, is nie "ja" en "nee" tegelyk nie. Hy is die "ja" van God, [20] die "ja" op al die beloftes van God. Daarom is dit ook deur Christus dat ons tot eer van God daarop "Amen" sê. [21] God self het ons saam met julle op hierdie vaste grond gevestig: op Christus. God het ons vir Hom afgesonder, [22] ons as sy eiendom beseël en die Heilige Gees in ons harte gegee as waarborg van wat ons nog sal ontvang."

Christus is die "ja" van God! Hy is die bewys dat God getrou is en dat Hy betroubaar optree! Christus het gekom om ons van die mag van Satan en die mag van ons eie sondige natuur te verlos! Hy het ons kinders van God kom maak en ons elkeen persoonlik in 'n verhouding met die getroue God van die Bybel geplaas!

Geliefde br en sr, God se trou en sy betroubaarheid is nie net mooi dinge wat in die bladsye van die Bybel staan nie! Nee, Christus het ons persoonlik in verhouding met hierdie troue God gestel! Nou is God ook trou aan jou en my en sy optrede in ons persoonlike lewe is betroubaar! Ek en jy leef in Christus met God, ons Vader, wat ook sy trou en betroubaarheid aan my en jou persoonlik openbaar!

In Ps. 89: 25 belowe Hy my en jou: My trou en liefde sal by hom wees, deur My sal hy oorwin"! God is lief vir jou en Hy is getrou aan jou! Hy sal jou help en lei – al gaan jy ook deur die moeilikste van tye, beloof Hy in Jes. 43: Ek is by jou – moenie bang wees nie!

In Psalm 91 beloof Hy dat Hy jou beskerm! Hy vergewe jou getrou al jou sonde! Daar is niks wat jy kan doen wat God jou Vader nie in sy trou sal vergewe nie! En Hy doen dit deur die trou wat Hy in Jesus Christus aan ons bewys het! Jesus het getrou sy roeping aan sy Vader hier op aarde kom vervul! Hy is die Getroue en Betroubare: Christus is die enigste een wat aan die vereistes van Psalm 15 voldoen – dit wat ons saamgelees het! Hy is die enigste een wat reg het om voor God te verskyn want Hy

het al God se gebooie vir ons onderhou – en nou reken God daardie getrouheid van Christus vir ons toe! Hy het elke opdrag van die Vader – tot om sy lewe vir ons af te lê – nagekom om so God se trou aan ons te bewys! En nou kan ek en jy elke dag met daardie sekerheid lewe!

Selfs al kyk ek na my lewe en ek sien my ontrou en onbetroubaarheid in alles wat ek doen – God vergewe my dit en God reken Christus se getrouheid aan my toe! Dit, brs en srs, is die wonderlike evangelie van God!

God se Woord is betroubaar! Dit wat Hy in die Bybel aan jou leer, is waar en eg! Dit is die enigste bron van waarheid in hierdie lewe wat regtig betroubaar is! In die laaste hoofstuk van die Bybel bevestig God dit: sy Woord is waar en ewig! Daar kan niks bygevoeg of weggeneem word nie! Ek en jy kan die Bybel glo en vertrou – dit staan vir ewig vas!

Br en sr, hierdie getroue God in sy betroubare optrede in Jesus Christus het nog verder gegaan in sy persoonlike verhouding met my en jou! Hy het deur sy Heilige Gees in my en jou kom woon! Ek en jy is nou sy woonplek! Hy het met sy trou en betroubaarheid by ons ingetrek! En deur die Heilige Gees wil Hy dat ek en jy ook getrou en betroubaar teenoor Hom en ons naaste moet wees! Dit is wat hierdie vrug van die Gees in ons lewe beteken! Dat ons ook waarlik getrou en betroubaar kan wees! Ons het gelees dat Paulus sê: die feit dat die Heilige Gees in ons woon is die waarborg dat ons ook verder alles van God sal ontvang!

Daarom wil ons Vader dat ons getrou moet wees in ons gehoorsaamheid aan sy Woord! Dat ons regtig die Bybel as die waarheid beskou en doen wat ons Vader ons daarin beveel – getrou in elke opsig! Nie maar net so middelmatig nie – nie net wanneer dit ons pas nie – maar in alle opsigte getrou!

Ons Vader wil dat ons hele lewe voor Hom moet getuig van ons getrouheid aan Hom! Hoe ek Hom dien en hoe ek elke dag voor Hom lewe! Nie net sekere tye en plekke nie! Nie net op Sondae en in die erediens nie! Maar elke dag waar ek in sy teenwoordigheid optree! Wat ek op die internet kyk of TV kyk of hoe optree tussen my vriende, hoe ek praat en waarmee ek my in my gedagtes besig hou – is dit getrou aan my Vader?

Daar kan nie tye en plekke wees waar ek kan kies om eerder ontrou aan die Here te wees nie! Daar is nie plek of geleentheid waar dit OK is om ontrou te wees en dan weer ander kere getrou te wees nie! Dit is wat Jesus ons in Matteus 23 oor die Fariseërs waarsku. Hulle kies net die maklike goed om aan gehoorsaam te wees en dan ook net wanneer hulle wil! Hulle is nie bereid om gehoorsaam te wees aan die regte dinge nie en dit is om waarlik betroubaar te wees nie! En daarom spreek Jesus ŉ verskriklike oordeel oor hulle uit!

Ons moet God dien en geen afgode nie, het ons in die eerste gebod gehoor! En ons weet dat dit beteken dat ek God vir alles in my lewe vertrou en dat ek my vertroue nie op mense of dinge in die wêreld stel nie! God is my God en Hy alleen!

Hy wil volgens Rom. 12: 12 dat ons getrou sal wees in ons gebedslewe! Daardie gesprekke wat ons met ons Vader het en waarin ons ons lewe voor Hom uitstort! Hy wil dat ons gereeld en getrou daarmee moet wees! Ek kan mos nooit te besig wees om God in my lewe te "pause" en dat Hy moet wag totdat ek weer vir Hom tyd het nie!

God wil in 1 Pet 4:10 dat ons getrou ons gawes wat Hy vir ons gee, moet gebruik! En een van hierdie gawes is betroubaarheid! Dat ek iemand kan wees op wie ander mense kan staat maak! Dat my ja, ja is en my nee, nee! Dat ek soos God die beloftes wat ek aan ander maak nakom! As ek sê: ek sal dit more vir jou doen, dan doen ek dit – mense hoef nie daaroor te twyfel nie!

Dat ek betroubaar is in my verhouding met mense! Getrou aan my huweliksmaat en betroubaar vir my kinders of mense wat van my afhanklik is! Dat my huweliksmaat en my kinders kan reken op wat ek as gelowige aan hulle verskuldig is! Dat ek nie beloftes maak en dit nie nakom nie! Dat ek my huweliksplig of my plig as ouer versaak nie!

Dat ek betroubaar is in my daaglikse werk wat die Here aan my gee! Dat ek my werk met oorgawe doen sodat my werkgewer in alles met my tevrede kan wees! Dat ek betroubaar en eerlik is in my geldsake! Dat ek die tyd wat die Here vir my gee nie mors op onbenullighede nie – maar die tyd uitkoop om getrou te wees en betroubaar op te tree!

Jesus het ons in Lukas 16 geleer: [10]" Wie in die kleinste dinge betroubaar is, is ook in die groot dinge betroubaar; en wie in die kleinste dinge oneerlik is, is ook in groot dinge oneerlik. [11] As julle dan nie betroubaar is in die hantering van die oneerlike Mammon nie, wie sal die ware rykdom aan julle toevertrou? [12] As julle met 'n ander man se goed nie betroubaar is nie, wie sal dan iets aan julle gee om as julle eie te besit? [13]" Geen huisbediende kan vir twee base tegelyk werk nie, want hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God en Mammon dien nie."

Brs. en srs, so werk en lei die Heilige Gees ons op baie maniere om hierdie getrouheid en betroubaarheid as vrug in ons lewe voort te bring! Ek haal enkele sake uit die Bybel aan en gaan nie elke keer die teksverwysing gee nie:

Die Heilige Gees gee ons krag om te getuig Hand 1:8. Hy leer ons wat om te sê Luk 12:12. Hy openbaar God se geheimenisse aan ons 1 Kor. 2:10–16. Hy maak Christus teenwoordig by ons Joh. 14:16–18. Hy hou ons in kontak met God Rom. 8:26. Hy leer ons aangaande Christus en herinner ons aan alles wat Jesus geleer het Joh. 14:26. Hy maak dit moontlik dat ons die waarheid kan vind 1 Joh. 4:1–6.

Hy moedig ons aan Hand 9:31. Hy beheer ons Rom. 8:9. Hy maak dit moontlik dat ons 'n Christelike lewe kan lei Rom. 8:5–9. Hy maak ons heilig Rom. 15:16, Hy gee ons sy swaard – die Bybel - om Satan te beveg Ef. 6:17. En die Heilige Gees bid vir ons in tye van nood Rom. 8:26.

So werk God die Heilige Gees elke dag getrou in my en jou om die vrug van getrouheid in ons vas lê! In Christus is ons getrou en betroubaar – dit is die nuwe mens wat Hy ons gemaak het – en die Heilige Gees wil dit tot volle uiting laat kon in my en jou lewe!

Geliefde, brs en srs, kom ek en jy laat ons dan deur die Gees beheers en nie deur ons sondige natuur nie! Kom ons volg die Gees en wees dan getrou aan ons Vader en ons wees betroubare mense waarop ander kan reken! So getuig ons met ons lewe Wie God is en wat Hy in mense se lewens doen!

Want geliefdes, ons Vader beloof ook wonderlike dinge aan die wat aan Hom getrou bly en as betroubare getuies vir ons leef!

In Ps. 18 beloof Hy dan dat Hy ook aan jou getrou sal wees! Dat Hy jou sal bewaar en dat Hy oor jou lewe sal waak! Dat Hy jou as sy getroue kind sal seën met alles wat jy nodig het. Hy beloof om jou in jou getrouheid te beloon en dat Hy jou nooit sal vergeet nie!

Meer nog: Hy beloof dat wat Hy reeds vir ons gegee het, die ewige lewe, dat jy dit regtig sal kry, al verloor jy ook jou lewe! So belowe Hy vir ons in Open 2: [10] Moenie bang wees vir wat julle alles gaan ly nie. Kyk, die duiwel gaan party van julle in die tronk laat gooi, sodat julle in beproewing sal kom, en julle sal tien dae lank baie swaar kry. Bly getrou tot die dood toe, en Ek sal julle die lewe as kroon gee. Die lewe by God.

Bly getrou en betroubaar in alles

Amen.